

14

TWAALF VERSPIEDERS God is groter as ons probleme

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet ons kan op God vertrou om ons probleme op te los.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat gelowiges ook probleme in hul lewens ervaar.
- dat God sy kinders help om hul probleme op te los.

Gesindheid

Die kinders moet –

- glo dat God vir ons die krag sal gee om ons probleme te hanteer.
- bereid wees om met vertroue die toekoms in te gaan, al weet hulle nie altyd wat voorlê nie.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die hoofpunte van die verhaal van die verspieters ken.
- voorbeelde kan noem van probleme wat op 'n mens se pad kan kom.

MEER INLIGTING (Numeri 13, 14, 16)

In die vorige les het ons geleer dat God ons vergewe as ons berou het. God het belowe dat Hy die land Kanaän aan die Israëliete sal gee. Hulle moes dit net self gaan inneem. Daarom gee God ook die opdrag dat hulle die land eers moet verken. Moses het toe twaalf verkenners of verspieters uitgestuur. Hulle het die land deurgegaan en van die vrugte van die land teruggebring. Hulle het vir Moses en die Israëliete vertel watter wonderlike land dit is. Tog het tien van die verkenners aanbeveel dat hulle nie die land moet probeer inneem nie, aangesien

die inwoners van die land baie groot is. Hulle was bang vir die inwoners van die land. Net twee verkenners, Josua en Kaleb, het gesê die Israeliete sal die land kan inneem. In Numeri 14 lees ons hoe dié wat gesê het dat hulle nie die land sal kan inneem nie, gesterf het. Omdat Josua en Kaleb geglo het hulle kan dit inneem, het hulle wel die land Kanaän ingegaan.

Ons kyk ook baie keer vas teen ons probleme. Ons vergeet soms hoe groot en magtig die Here is. Soms wil ons ook tou opgooi nog voordat ons iets probeer het. Die Here het ons ook belowe dat Hy altyd by ons sal wees. Die feit dat ons gedoop is, verseker ons dat ons aan die Here behoort. Dit beteken egter nie dat die Here net daar is om die lewe vir ons maklik te maak nie. Kinders van die Here beleef ook probleme in die lewe. Daar gebeur soms dinge wat ons nie verstaan nie of wat ons hartseer maak. Ons gaan ook soms deur teleurstellings of siekte. Soms verloor ons dinge of mense wat vir ons baie kosbaar is. Daar is situasies in die lewe wat ons ook bang maak soos die verspieders bang was.

God vat nie al ons probleme in die lewe weg nie, maar God gee ons die krag om dit te kan hanteer. Ons kan op Hom vertrou. Hy is groter en magtiger as enige mens. Soms moet ons dit eenvoudig net waag om die toekoms met vertroue op die Here in te gaan, sonder dat ons presies weet hoe Hy vir ons gaan voorsien. Ons kan dit doen omdat God juis God is en nie soos 'n mens is nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die gemerkte vraestelle.
- Kleurpotlode en 'n pen.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Gee die gemerkte vraestelle terug.
- Laat enkele kinders noem wat hulle in die blokke in hul boeke by die vorige les geskryf het oor wat hulle verkeerd gedoen het, wat die gevolge was en wat hulle daaruit geleer het.
- Lees die sinne en laat hulle die ontbrekende woorde vir jou gee:
 - Die Israeliete het dikwels uit ongeduld gedoen. (*sonde*)
 - God het nie die sonde ongestraf laat bly nie en het hul elke keer (*gestraf*)
 - Die volk het telkens tot inkeer gekom en God het hul sondes (*vergewe*)
 - As ons het en in glo, straf God nie meer ons sondes nie. (*berou*) (*Jesus*)
 - het vir ons sondes gesterf. (*Jesus*)
 - Wanneer jy bely dat Jesus jou is en uit sy wil doen, het jy deel aan sy koninkryk en erf jy die ewige lewe. (*Verlosser*) (*dankbaarheid*)

Laat 'n paar van die kinders 1 Johannes 1: 9 opsê: *Maar as ons ons sondes bely –
..... (Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes)*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Laat 'n paar kinders voorbeelde noem van hoe die Here vir ons sorg.
- Vind by 'n paar kinders uit watter tye van die dag hulle bid.

Soms gebeur daar dinge wat 'n mens bang en onseker maak. Dit kan 'n mens negatief maak en dan is jy sommer lus vir niks. Die verhaal wat hom afspeel in Numeri 13 is so 'n geval. Ons leer dat Kaleb en Josua positief gebly het, en daarvoor beloon is.

IETS INTERESSANT

Gebruik hierdie hoofpunte en vertel die geskiedenis van die twaalf verspieders.

- Die Here het die land Kanaän aan die Israëliete belowe.
- Hy het vir Moses gesê om te gaan kyk of die land goeie grond het en hoe die mense lyk.
- Twaalf manne is gekies om te gaan.
- Onder hulle was Josua en Kaleb.
- Die verspieders het gevind dat dit 'n vrugbare land was.
- Die mense was groot.
- Die stede was baie goed beskerm.
- Tien van die verspieders het aanbeveel dat hulle nie moes intrek nie.
- Josua en Kaleb het op die Here vertrou – hulle beveel aan dat hulle moet intrek.
- Dié wat God nie vertrou het nie, is dood voor die volk die land ingetrek het.
- Josua, Kaleb en dié wat in God geglo het, het ingetrek.


IETS BELANGRIK

- Beklemtoon weer die volgende:
 - Die Here het die land aan die Israëliete belowe.
 - Daarom noem ons die land Kanaän die *beloofde land*.
 - Dié wat op die Here vertrou het, het die land ingetrek.
 - Dié wat Hom nie vertrou het nie, is dood voor hulle kon intrek.
- Lees saam uit Numeri 14: 8-10. Hier lees ons van Josua en Kaleb se vertroue op die Here.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle 'n kort gebed in die wolk in hul boeke skryf om vir God dankie te sê dat Hy na hulle luister as hulle probleme het.

Versier die gebed.



BY DIE HUIS

Doen

Laat die kinders met hul ouers gaan praat oor probleme wat hulle ervaar het en hoe die Here dit ten goede verander het. Laat hulle dit neerskryf en Sondag saambring klas toe.

Leer

- Laat hulle die volgende gaan leer:
 - Die Here het die land aan die Israeliete belowe.
 - Dié wat op die Here vertrou het, het die land ingetrek.
 - Dié wat Hom nie vertrou het nie, is dood voor hulle kon intrek.
 - God neem nie altyd ons probleme weg nie, maar Hy gee ons die krag om dit te hanteer.
 - Ons moet God vertrou, selfs al lyk die toekoms donker.
 - Dat ons gedoop is, verseker ons dat ons aan God behoort en op Hom kan vertrou.
- Laat hulle die volgende teksvers gaan memoriseer: *Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding...* (Numeri 14: 18a)

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 503: 1 as gebed.

*Jesus, Rots, my hoop vir ewig,
veilig kan ek op U bou.
U is Heer, my anker stewig,
vas kan ek op U vertrou.
Deur u mag, deur u krag
dra U my van dag tot dag.
Amen.*